Noord-Kaap

bygedra deur JB Erasmus
Kimberley

Regbank

WEENS die feit dat regter Steenkamp vir die grootste gedeelte van hierdie jaar voltydse kommissie-verpligtinge het om na te kom, het daar op 'n feitlik deurlopende basis waarnemende regters in die Noord-Kaapse Afdeling opgetree. Die volgende waarnemende regters het gedurende die afgelope tyd in hierdie afdeling opgetree: H J Lacock SC van die plaaslike Balie [1 Maart tot 10 Maart en weer 7 April tot 10 April]; R D Claassen SC van Ciskei [1 Maart tot 31 Maart]; M S MacKay, 'n prokureur van Port Elizabeth [15 April tot 17 Mei]; N J Treurnicht SC van Kaapstad [18 Mei tot 24 Junie]; J A Booyens SC van Pietermaritzburg [24 Julie tot 30 September]; Dr W L Seriti, 'n prokureur van Pretoria [24 Julie tot 30 September]; en W H Olivier SC van Bloemfontein [1 September tot 26 September].

Lede

Johan Cloete het die eerste ses maande van vanjaar sy pupilskap gedoen. Hy het sy eksamen suksesvol afgelê en praktiseer in Kimberley.

Carel Luwes doen sy pupilskap.

Sosiale nuus

Die jaarlikse Baliejag van die Kimberley-Balie het die naweek van 9 Mei 1997 plaasgevind. Vanjaar was die oorlog in die hart van die Kalahari, noord van Kuruman. Slegs een manlike lid van die Balie kon nie die naweek meemaak nie. Ten spyte van sterk druk, kon die twee vroulike lede nog nie daarin slaag om die res van die Balie sy verknogtheid aan ou tradisies te laat afsweer nie en is die twee dames nie saamgenooi nie. Die twee dames is waarskynlik tans besig met betoogshoofde teen die argument dat hulle nie kon saamgaan nie omdat dit in hulle eie belang is. Die tradisie van 'n afvalpotjie die Vrydagaand en 'n lewerpotjie die Saterdagaand, was weer eens 'n reuse sukses en daar is heerlik gekuier om die vure. Tussendeur is daar darem gejag en het almal ook in die jagveld sukses behaal.

Sport

Die Kimberley-Balie het ook vanjaar 'n prestasie op sportgebied behaal wat seker nie maklik deur enige ander Balie geëwenaar sal word nie. Meer as 11 % van ons lede het die afgelope Comrades-marathon suksesvol voltooi. As daar nou nog net een lid volgende keer saam met Schreuder die wedloop kan voltooi, kan ons hierdie persentasie opstoot tot by die 20 % van ons lede.

Vrystaat

bygedra deur Jimmy Claasen
Bloemfontein

Regbank

REGTER Hattingh is gedurende Augustus 1997 vir waarneming en toetse in die hospitaal opgeneem en is tans afwesig van die regbank. Ons wens hom alle sterkte toe met die mediese ingrepe en vertrou dat alles suksesvol sal eindig.

Regter Van Coller is weer eens aangestel as waarnemende appèlregter en regter Dirk Kotze is op 'n kommissie om die Rovic-ramp by die diamantmyn te Dealesville te ondersoek. Regter Kotze het ook die kommissie gelei wat ondersoek ingestel het na die slikramp te Virginia.

Verskeie persone het waargeneem as regters sedert die laaste verskyning van *Consultus* en twee persone verdien spesiale vermelding. Eerstens is mnr J C Pretorius as waarnemende regter aangestel vanaf 28 Julie 1997 tot 1 Augustus 1997. Mnr Pretorius is een van die mees senior prokureurs in Bloemfontein. Nie alleen is hy deur alle prokureurs as 'n uitmuntende voorbeeld beskou nie, maar het hy ook die hoogste agting geniet by die regbank en die Balie. Dit was die eerste keer dat 'n plaaslike prokureur die eer te beurt geval het en is daar seer sekerlik geen beter persoon op wie se skouers hierdie besondere eer kon gerus het nie. Mnr Pretorius het reeds uitgetree en is tans konsultant by sy ou firma.

'n Tweede "*eerste*" in die Vrystaat was die waarnemende aanstelling as regter van adv Irma Schoeman vanaf 21 Julie tot 21 September 1997. Irma is een van die jonger lede van die Bloemfonteinse Balie en sover ons kon vasstel was sy die enigste advokaat wat aangestel is in 'n waarnemende hoedanigheid sonder senior status.

Behalwe mnr Pretorius en Schoeman se waarnemende aanstellings, het die volgende persone ook waargeneem: A F Jordaan SC vanaf 26 Maart 1997 tot 2 Mei 1997; W H Olivier SC vanaf 10 Mei 1997 tot 30 Mei 1997; M H Wessels SC vanaf 2 Mei 1997 tot 22 Junie 1997 en weens Hattingh R se ongesteldheid, weer tot 21 September 1997; C Ploos van Amstel SC vanaf 7 April 1997 tot 25 April 1997; D C M Gihwala, 'n prokureur van die Kaap, vanaf 3 Junie 1997 tot 21 September 1997.

Nuwe lede en pupille

James Gilliland en Marthinus Steenkamp het die Mei 1997-eksamens geslaag en is tot die Balie toegelaat.

A Maartens en R Cronje is die nuwe pupille wat hulle by die Balie aangesluit het en gedurende November/Desember 1997 die Balie-eksamen sal aflê.

Balieraad

Die nuwe Balieraad is soos volg saamgestel: Jannie Lubbe SC [Voorsitter], Jordaan SC, Van der Merwe SC, Geldenhuys, Van Rhyn en Schoeman. De Wet is die eresekretaris en Hein Symington sy assistent.